

# DIE GODHEID

## Studies oor die Vader, Seun en Heilige Gees

Imad Awde

# INHOUD


Les 1 - Is dit belangrik en kan ons weet? 3

Les 2 - Wie is die God van die Bybel? 7

Les 3 - Die Soewereiniteit van God die Vader 11

Les 4 - Wie is Jesus? 16

Les 5 - Gelykheid van die Vader en die Seun 23

Les 6 - Die Heilige Gees - Deel 1: God se Gees / Die Mens se gees 27

Les 7 - Die Heilige Gees - Deel 2 : Die Identiteit van die Heilige Gees 32

Les 8 - Die Vader en die Seun in die Heiligdom 38

Les 9 - Antwoorde op Besware 44

# Is Dit Belangrik en Kan Ons Weet?

## 1. Behaag dit God as Sy mense Hom nie ken nie?

**Hosea 4v1** “HOOR die woord van die HERE, o kinders van Israel! Want die HERE het ’n regsaak met die inwoners van die land, omdat daar geen trou en geen liefde en geen kennis van God in die land is nie.”
Regsaak = strydpunt, twis, dispuut, iets teen.

## 2. Wat is die eerste plig van die mens?

**Pred 12v13** “Die hoofsaak van alles wat gehoor is, is: Vrees God en hou sy gebooie; want dit geld vir alle mense.”

## 3. Wat beteken dit om God te vrees?

Bybelskrywers gebruik dikwels parallelisme: ’n sekere gedagte word herhaal deur verskillende woorde te gebruik, maar die betekenis is dieselfde.

**Spreu 1v7** “Die vrees van die HERE is die beginsel van die kennis; sotte verag wysheid en tug.”
**Spreu 9v10** “Die beginsel van die wysheid is die vrees van die HERE, en kennis van die Heilige is verstand.”
**Spreu 2v5** “dan sal jy die vrees van die HERE verstaan en die kennis van God vind.”
“die vrees van die Here”= “om God te ken”, “kennis van God”.

## 4. Wat is die eerste boodskap wat ons moet gee in die laaste dae?

**Openbaring 14v7** "En hy het met 'n groot stem gesê: Vrees God en gee Hom heerlikheid, want die uur van sy oordeel het gekom; en aanbid Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het."
**('n Gedeelte van die eerste engel se boodskap is om die kennis van God aan die mense te bring.)**

## 5. Is dit belangrik om God te ken?

**Hosea 4v6** "My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis; omdat jý die kennis verwerp het, sal Ek jou verwerp, sodat jy vir My die priesteramp nie sal bedien nie; omdat jy die wet van jou God vergeet het, sal Ek ook jou kinders vergeet."
**Hosea 6v6** "Want Ek het 'n behae in liefde en nie in offerande nie, en in kennis van God meer as in brandoffers."

## 6. Hoekom is dit so belangrik om God te ken?

**Joh 17v3** "En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het."
**2 Pet 1v2** "Mag genade en vrede vir julle vermeerder word deur die kennis van God en Jesus, onse Here!"

## 7. Wat behels dit alles om God te ken?

a. Weet wie God is

**2 Tim 1v12** "Om hierdie rede ly ek ook hierdie dinge; maar ek skaam my nie, want ek weet in wie ek geglo het, en ek is oortuig dat Hy mag het om my pand te bewaar tot dié dag toe."
**(Paulus het geweet wie God is, daarom kon hy Hom verkondig aan diegene wat Hom in onkunde aanbid het. Hand 17v23)**

b. Ken Sy weë /glorie(heerlikheid)/karakter
**Exo 33v13** "As ek dan nou genade in u oë gevind het, maak my dan tog u weë bekend, dat ek U kan ken; sodat ek genade in u oë kan vind. En bedink tog dat hierdie nasie u volk is."
**Exo 33v18** "Daarop vra hy: Laat my tog u heerlikheid sien."
(weë = heerlikheid, glorie)
**Exo 34v6,7** "En toe die HERE by hom verbygaan, het Hy geroep: HERE, HERE, barmhartige en genadige God, lankmoedig en groot van goedertierenheid en trou;wat die goedertierenheid bewaar vir duisende, wat ongeregtigheid en oortreding en sonde vergewe, maar nooit ongestraf laat bly nie; wat die ongeregtigheid van die vaders besoek aan die kinders en aan die kindskinders, aan die derde en aan die vierde geslag."
God se karakter word hier uitgebeeld as sy glorie.
**1 Joh 4v7-9** "GELIEFDES, laat ons mekaar liefhê; want die liefde is uit God, en elkeen wat liefhet, is uit God gebore en ken God. Hy wat nie liefhet nie, het God nie geken nie, want God is liefde. Hierin is die liefde van God tot ons geopenbaar, dat God sy eniggebore Seun in die wêreld gestuur het, sodat ons deur Hom kan lewe."
**(ken God = laat ons God en die broeders/mekaar lief hê, want God is liefde)**
c. Bewaar Sy gebooie
**Tit 1v16** "Hulle bely dat hulle God ken, maar hulle verloën Hom deur die werke, omdat hulle gruwelik en ongehoorsaam is en ongeskik vir elke goeie werk."

Om God te ken, lei tot gehoorsaamheid aan Hom. Doktrine of leerstellings is nie alles nie; dit is n' hulpmiddel om God beter te leer ken, en nader aan Hom te kom.

## 8. Wat moet ek doen om God intiem te leer ken?

**Spreu 2v3-5** “ja, as jy na die insig roep, na die verstand jou stem verhef, as jy daarna soek soos na silwer en dit naspeur soos verborge skatte, dan sal jy die vrees van die HERE verstaan en die kennis van God vind.”

## 9. Kan ons weet wie God is? Het God Homself aan ons in Sy Woord geopenbaar?

**Rom 1v20** “Want sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, sodat hulle geen verontskuldiging het nie.”

**1 Joh5v20** “En ons weet dat die Seun van God gekom het en ons verstand gegee het om die Waaragtige te ken; en ons is in die Waaragtige, in sy Seun, Jesus Christus. Hy is die waaragtige God en die ewige lewe.”

## 10. Waarop kan ons ons alleenlik beroem?

**Jer 9v23,24** “ So sê die HERE: Laat die wyse hom nie beroem op sy wysheid nie, en laat die sterke hom nie beroem op sy sterkte nie, laat die ryke hom nie beroem op sy rykdom nie,
maar laat hy wat wil roem, hom hierop beroem dat hy verstaan en My ken, dat Ek die HERE is wat goedertierenheid, reg en geregtigheid op die aarde doen; want in dié dinge het Ek ’n behae, spreek die HERE.”

## Les 2

# Wie is die God van die Bybel?

**1. Volgens die Ou Testament, hoeveel Gode is daar?**

**Deut 6:4** "Hoor, Israel, die HERE onse God is 'n enige HERE."
**Deut 4:35** "Jy self het dit te sien gekry, dat jy kan weet dat die HERE God is; daar is geen ander buiten Hom nie."

**Jer 10:10** "Maar die HERE is waarlik God, Hy is die lewende God en 'n ewige Koning; vir sy toorn beef die aarde, en die nasies kan sy grimmigheid nie verdra nie."

(Sien vraag 6, op bl.10)

**2. Volgens die Nuwe Testament, hoeveel Gode is daar?**

**1 Kor 8:6** "tog is daar vir ons maar een God, die Vader uit wie alles is, en ons tot Hom, en een Here Jesus Christus deur wie alles is, en ons deur Hom."
**Eph 4:6** "een God en Vader van almal, wat oor almal en deur almal en in julle almal is."
**1 Tim2:5** "Want daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus."
**Jak 2:19** "Jy glo dat God één is. Jy doen goed; die duiwels glo dit ook, en hulle sidder."

## 3. Wie is die mees bevoegde persoon om vir ons te vertel wie die ware God is?

**Joh 1:18** "Niemand het ooit God gesien nie; die eniggebore Seun wat in die boesem van die Vader is, dié het Hom verklaar."
**Joh 3:11** "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, ons spreek wat ons weet en ons getuig van wat ons gesien het, en julle neem ons getuienis nie aan nie."

## 4. Volgens Jesus-

**a. Wie is "die enigste waaragtige God"**

**Joh 17:3** "En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het."

**b. Tot wie het Jesus gesê moet ons bid?**

**Matt 6:9-13** "Só moet julle dan bid: Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde; gee ons vandag ons daaglikse brood en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe; en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen"

**c. Wat is die eerste gebod van almal?**

**Mark 12:28-32** "En toe een van die skrifgeleerdes wat bygekom het, hulle hoor redetwis, en wis dat Hy hulle goed geantwoord het, vra hy vir Hom: Wat is die eerste gebod van almal? En Jesus antwoord hom: Die eerste van al die gebooie is: Hoor, Israel, die Here, onse God, is 'n enige Here; en jy moet die Here jou God liefhê uit jou hele hart en uit jou hele siel en uit jou hele verstand en uit jou hele krag. Dit is die eerste gebod. En die tweede, hieraan gelyk, is dit: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Daar is geen ander gebod groter as dié nie. En die skrifgeleerde sê vir Hom: Goed, Meester, U het met waarheid gesê dat God een is en daar geen ander is as Hy nie;"

Om God te ken, is nodig voordat ons Hom kan liefhê. 'n Korrekte kennis van God is noodsaaklik vir ons verhouding met Hom. Die skrifgeleerde het ingestem dat God een is en daar geen ander is as Hy nie.

**d. Het Jesus die skrifgeleerde tee gegaan?**

**Mark 12:34** "Toe Jesus sien dat hy verstandig geantwoord het, sê Hy vir hom: Jy is nie ver van die koninkryk van God nie. En niemand het dit meer gewaag om Hom vrae te stel nie."
Die geloof van die skrifgeleerde reflekteer die geloof van die ganse Joodse nasie. Die Jode het in een God alleen geglo.
**Joh 8:41** "Julle doen die werke van jul vader. Toe sê hulle vir Hom: Ons is nie uit ontug gebore nie; ons het een Vader, naamlik God."

**e. Wie is die God van die Jode?**

**Joh8:54** "Jesus antwoord: As Ek Myself verheerlik, is my heerlikheid niks nie. Dit is my Vader wat My verheerlik, van wie julle sê dat Hy julle God is.
(Sien Romeine 3:29)

**f. Wie sal die ware aanbidders aanbid?**
**Joh 4:21-23** "Jesus sê vir haar: Vrou, glo My, daar kom 'n uur wanneer julle nie op hierdie berg en ook nie in Jerusalem die Vader sal aanbid nie. Julle aanbid wat julle nie weet nie; ons aanbid wat ons weet, want die saligheid is uit die Jode. Maar daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid; want die Vader soek ook mense wat Hom só aanbid."

## 5. Volgens die apostels, wie is die een God?
**1 Kor8:6** "tog is daar vir ons maar een God, die Vader uit wie alles is, en ons tot Hom, en een Here Jesus Christus deur wie alles is, en ons deur Hom."
**Jak 3:9** "Daarmee loof ons God en die Vader, en daarmee vervloek ons die mense wat na die gelykenis van God gemaak is."
**Efe 4:6** "een God en Vader van almal, wat oor almal en deur almal en in julle almal is."
**2 Kor 1:3** "GESEËND is die God en Vader van onse Here Jesus Christus, die Vader van ontferminge en die God van alle vertroosting."

## 6. Wie is die lewende en waaragtige God?
**1 Thes 1:9,10** "Want hulle vertel self aangaande ons watter ingang ons by julle gehad het en hoe julle jul van die afgode bekeer het tot God, om die lewende en waaragtige God te dien en sy Seun uit die hemele te verwag, wat Hy uit die dode opgewek het, Jesus wat ons van die toekomstige toorn verlos."

# Les 3

# *Die Soewereiniteit van God, die Vader*

## 1. Die Vader is die uiterste Bron van alle dinge.

**1 Kor8:6** "tog is daar vir ons maar een God, die Vader uit wie alles is, en ons tot Hom, en een Here Jesus Christus deur wie alles is, en ons deur Hom."

**2 Kor 5:18** "En dit alles is uit God wat ons met Homself versoen het deur Jesus Christus en ons die bediening van die versoening gegee het"

**Rom 11:36** "Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid. Amen."

**Efe 3:14,15** "OM hierdie rede buig ek my knieë voor die Vader van onse Here Jesus Christus, van wie elke geslag in die hemele en op die aarde sy naam ontvang,"

## 2. Die Vader is die God van Christus

**a. Tydens die Inkarnasie**

**Matt 27:46** "en omtrent die negende uur het Jesus met 'n groot stem geroep en gesê: Eli, Eli, lama sabagtáni? Dit is: My God, my God, waarom het U My verlaat?"

**b. Na Sy Opstanding**

**Joh 20:17** "Jesus sê vir haar: Raak My nie aan nie, want Ek het nog nie opgevaar na my Vader nie; maar gaan na my broeders en sê vir hulle: Ek vaar op na my Vader en julle Vader, en my God en julle God."

**Efe 1:3** "GESEËND is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat ons geseën het met alle geestelike seëninge in die hemele in Christus"

**Openb 3:12** “Wie oorwin, Ek sal hom ’n pilaar in die tempel van my God maak, en hy sal daar nooit weer uitgaan nie; en Ek sal op hom die Naam van my God skrywe en die naam van die stad van my God, van die nuwe Jerusalem, wat uit die hemel van my God neerdaal, en my nuwe Naam.”
(Sien **Heb 1:9, 1 Pet 1:3**)

## 3. Die Vader word uitsluitlik die Allerhoogste genoem

Vergelyk die volgende twee verse:

**Ps 78:17** “Nog het hulle voortgegaan om teen Hom te sondig, om wederstrewig te wees teen die Allerhoogste in die dor land.”
**Jes 63:8-10** “Want Hy het gesê: Hulle is tog my volk, kinders wat nie sal lieg nie. So het Hy dan vir hulle ’n Heiland geword. In al hulle benoudheid was Hy benoud, en die Engel van sy aangesig het hulle verlos; deur sy liefde en deur sy medelyde het Hý hulle verlos; en Hy het hulle opgehef en hulle gedra, al die dae van die ou tyd. Maar húlle was wederstrewig en het sy Heilige Gees bedroef; daarom het Hy vir hulle in ’n vyand verander: Hy self het teen hulle gestry.”
God die Vader, is die onderwerp van hierdie verse. Twee Wesens word genoem; God die Vader (wie “hulle Heiland”genoem word) en Christus (wie “die Engel van sy aangesig”genoem word).
…Terwyl Jesus die “Seun van die Allerhoogste”genoem word.
**Mar5:7** “en skreeu met ’n groot stem en sê: Wat het ek met U te doen, Jesus, Seun van die allerhoogste God? Ek besweer U by God om my nie te pynig nie.”
**Luk 8:28** “En toe hy Jesus sien, skreeu hy uit en val voor Hom neer en sê met ’n groot stem: Wat het ons met U te doen, Jesus, Seun van die allerhoogste God? Ek bid U, moet my nie pynig nie”
Bostaande verse onderskei duidelik tussen die Vader en die Seun. Die Vader word “die Allerhoogste”genoem, terwyl Jesus “Seun van die Allerhoogste” God genoem word.

## **4. Die Vader is ouer as Jesus**

**Joh14:28** "Julle het gehoor dat Ek aan julle gesê het: Ek gaan weg en Ek kom weer na julle toe. As julle My liefgehad het, sou julle bly wees dat Ek gesê het: Ek gaan na my Vader, omdat my Vader groter is as Ek."
Die woord "groter" in bostaande teks kom van (G3187 meizon) wat kan beteken "ouer" of "oudste", soos vertaal in Rom 9:12, is vir haar gesê: Die oudste sal die jongste dien."

## **5. Die Vader is groter as almal.**

**Joh 10:29** "My vader wat hulle aan My gegee het, is groter as almal; en niemand kan hulle uit die hand van my Vader ruk nie."

## **6. Die Vader is die hoof van Christus**

**1 Kor 11:3** "Maar ek wil hê dat julle moet weet dat Christus die hoof is van elke man, en die man die hoof van die vrou, en God die hoof van Christus.

## **7. Die Vader is oor almal.**

**Efe 4:4-6** "Dit is een liggaam en een Gees, soos julle ook geroep is in een hoop van julle roeping;  een Here, een geloof, een doop, een God en Vader van almal, wat oor almal en deur almal en in julle almal is.

## 8. Die Vader is Here van die hemel en die aarde.

**Matt 11:25** "IN daardie tyd het Jesus gespreek en gesê: Ek loof U, Vader, Here van die hemel en die aarde, dat U hierdie dinge verberg het vir wyse en verstandige mense en dit aan kindertjies geopenbaar het."(Sien **Lukas 10:21**)

Nie alleen dit nie, maar die Bybel onthul ook vir ons sommige dinge wat Jesus van Sy Vader ontvang het, wat 'n bietjie meer lig werp op die soewereiniteit van God, die Vader.

## 9. Wat het Jesus van Sy Vader ontvang?

**a. Sy lewe**

**Joh 5:26** "Want soos die Vader lewe het in Homself, so het Hy aan die Seun ook gegee om lewe in Homself te hê."

**b. Sy Mag en outoriteit**

**Matt 28:18** "En Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde." (Sien **Matt 11:27, Joh 5:22-27; 17:2)**

**c. Sy koninkryk**

**Dan 7:14** "En aan Hom is gegee heerskappy en eer en koningskap; en al die volke en nasies en tale het Hom vereer; sy heerskappy is 'n ewige heerskappy wat nie sal vergaan nie, en sy koninkryk een wat nie vernietig sal word nie."

**Luk 1:32** "Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word; en die Here God sal aan Hom die troon van sy vader Dawid gee" (Sien ook **1 Kor15:24-28; Efe 1:22**)

**d. Sy reg om eer en aanbidding te ontvang**

**Joh 5:22,23** "Want die Vader oordeel ook niemand nie, maar het die hele oordeel aan die Seun gegee, sodat almal die Seun kan eer net soos hulle die Vader eer. Wie die Seun nie eer nie, eer nie die Vader wat Hom gestuur het nie." (sien **Hand 2:36; Fili 2:9-10; Heb 1:6**)

### e. Sy Naam

**Fili 2:9, 10** “Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom ’n naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is”

**Heb 1:4** “terwyl Hy soveel uitnemender geword het as die engele namate Hy ’n voortrefliker naam geërf het as hulle.”

### f. Alles

**Joh 3:35** “Die Vader het die Seun lief en het alles in sy hand gegee”
**Joh 13:3** “het Jesus, omdat Hy wis dat die Vader alles in sy hande gegee het en dat Hy van God uitgegaan het en na God heengaan” (Sien **Heb1:2** – Hy as erfgenaam van alles aangestel is.)

Bostaande verse bied oorvloedige bewyse aan ons van die soewereiniteit van God, die Vader. Maar hierdeur verminder ons nie die posisie, waarde en godheid van Jesus, die Seun van God, nie. (Vir verdere inligting oor die gelykheid van die Vader en die Seun, verwys asseblief na les 5.)

Les 4


# *Wie is Jesus?*

## 1. Wie het Jesus gesê dat Hy is?

**Joh 10:36** " sê julle vir Hom wat die Vader geheilig en in die wêreld gestuur het: U spreek godslasterlik – omdat Ek gesê het: Ek is die Seun van God?"

## 2. Wat het God, die Vader, gesê aangaande die identiteit van Jesus?

**Mat 3:16,17** "En nadat Jesus gedoop was, het Hy dadelik uit die water opgeklim, en meteens gaan die hemele vir Hom oop, en Hy sien die Gees van God soos 'n duif neerdaal en op Hom kom. En daar kom 'n stem uit die hemele wat sê: Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het."
**Mat 17:5** "Terwyl hy nog spreek, oordek 'n helderligte wolk hulle meteens en daar sê 'n stem uit die wolk: Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het. Luister na Hom!"



## 3. Wie het die dissipels gedink is Jesus?

**Mat 16:15,16** “Hy sê vir hulle: Maar julle, wie sê julle is Ek? En Simon Petrus antwoord en sê: U is die Christus, die Seun van die lewende God.”
**Joh 11v27** “Sy antwoord Hom: Ja, Here, ek glo dat U die Christus is, die Seun van God, wat in die wêreld sou kom.”
**Mat 14:33** “Toe kom die wat in die skuit was, en val voor Hom neer en sê: Waarlik, U is die Seun van God!”
**Hand 9:20** “EN hy het dadelik Christus in die sinagoges verkondig, dat Hy die Seun van God is.”

## 4. Het die gevalle engele geweet dat Jesus die Seun van God was?

**Luk 4:3** “Toe sê die duiwel vir Hom: As U die Seun van God is, sê vir hierdie klip dat dit brood moet word.”
**Luk 8:28** “ En toe hy Jesus sien, skreeu hy uit en val voor Hom neer en sê met ’n groot stem: Wat het ons met U te doen, Jesus, Seun van die allerhoogste God? Ek bid U, moet my nie pynig nie.”
**Mar 5:7** “en skreeu met ’n groot stem en sê: Wat het ek met U te doen, Jesus, Seun van die allerhoogste God? Ek besweer U by God om my nie te pynig nie.”
Satan en die gevalle engele het voor hulle val geweet dat Jesus die Seun van God was, vandaar Satan se uitdaging in die wildernis, en die besetene se belydenis.

## 5. Na wie word daar ook in die Geskrifte verwys as die "Seun van God".

**Luk 3:38** "die seun van Enos, die seun van Set, die seun van Adam, die seun van God."
Adam is as die seun van God geskape (Gen 5:1). So ook die engele (Job 38:7).
**1 Joh 3:1** "KYK wat 'n groot liefde die Vader aan ons bewys het, dat ons kinders van God genoem kan word! Om hierdie rede ken die wêreld ons nie, omdat dit Hom nie geken het nie."
Ons is kinders van God deur aanneming (Rom 8:15)

## 6. Hoe is Christus die Seun van God?

**1 John 4:9** "Hierin is die liefde van God tot ons geopenbaar, dat God sy eniggebore Seun in die wêreld gestuur het, sodat ons deur Hom kan lewe."
Jesus is nie as 'n seun geskape nie, soos Adam was nie; ook nie 'n seun deur aanneming nie, soos ons nie, maar Hy is die eniggebore Seun; Hy is die Seun omdat Hy uit die Vader gebore is.
**Joh 3:16** "Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê."
Dat God Sy eniggebore Seun gegee het, dui aan dat God 'n Seun gehad het om te gee voor die inkarnasie.

## 7. Wanneer het Jesus die Seun van die mens geword?

**Gal 4:4** "Maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit 'n vrou, gebore onder die wet"
**Luk 1:31** "En kyk, jy sal swanger word en 'n Seun baar, en jy moet Hom Jesus noem."
Jesus het die Seun van die mens geword toe Hy voortgebring is van Maria met die inkarnasie.

## 8. Wanneer is Christus uit die Vader gebore?

**Miga 5:1** "EN jy, Betlehem Éfrata, klein om te wees onder die geslagte van Juda, uit jou sal daar vir My uitgaan een wat 'n Heerser in Israel sal wees; en sy uitgange is uit die voortyd, uit die dae van die ewigheid."
"uitgange – uit"die voortyd, uit die dae van die ewigheid.
"uitgaan" beteken ook "oorsprong". Jesus is voortgebring in die dae van die voortyd, of van die ewigheid.

## 9. Wat het in die dae van die ewigheid gebeur?

**Spr 8: 22-30** "DIE HERE het my berei as eersteling van sy weg, voor sy werke, van ouds af. Van ewigheid af is ek geformeer, van die begin af, van die voortyd van die aarde af. Toe daar nog geen wêreldvloede was nie, is ek gebore; toe fonteine, swaar van water, nog nie daar was nie; voordat die berge ingesink het, voor die heuwels is ek gebore; toe Hy die aarde en die velde en al die stoffies van die wêreld nog nie gemaak het nie. Toe Hy die hemele berei het, was ek daar; toe Hy 'n kring afgetrek het op die oppervlakte van die wêreldvloed; toe Hy die wolke daarbo bevestig het, toe die bronne van die wêreldvloed sterk geword het; toe Hy vir die see sy grens gestel het, dat die waters sy bevel nie sou oortree nie; toe Hy die fondamente van die aarde vasgelê het toe was ek 'n kunstenaar naas Hom, en ek was dag vir dag vol verlustiging en het gespeel voor sy aangesig altyd"

In die vorige paragraaf, onder die titel van wysheid (**1 Kor 1:24, 30; Kol 2:3**) verwys Jesus die leser na die tydsduur voor die skepping van enige iets, as die tyd toe Hy "voortgebring" of "berei"is deur die Vader.

## 10. Word daar na Jesus verwys as die "Seun van God"voor Bethlehem?

**Spr 30:4** "Wie het na die hemel opgeklim en neergedaal? Wie het die wind in sy vuiste versamel? Wie het die waters in 'n kleed saamgebind? Wie het al die eindes van die aarde vasgestel? Hoe is sy Naam? En hoe is die Naam van sy Seun — as jy dit weet?"

**Dan 3:25** "Hy antwoord en sê: Kyk, ek sien vier manne los binne-in die vuur wandel sonder dat daar 'n letsel aan hulle is; en die voorkoms van die vierde lyk soos dié van 'n godeseun."
(In die engels KJV "the Son of God")
**Ps 2:12** "Kus die Seun, dat Hy nie toornig word en julle op die weg vergaan nie; want gou kan sy toorn ontvlam. Welgeluksalig is almal wat by Hom skuil!"

## 11. Tydens die Inkarnasie, wanneer het Jesus geleer dat Hy van God uitgegaan het?

**Joh 8:42** "En Jesus sê vir hulle: As God julle Vader was, sou julle My liefhê, want Ek het uit God uitgegaan en gekom; want Ek het ook nie uit Myself gekom nie, maar Hy het My gestuur."
**Joh 16:27** "want die Vader self het julle lief, omdat julle My liefgehad en geglo het dat Ek van God uitgegaan het."

## 12. Is dit belangrik vir ons om te glo dat Jesus die waaragtige en werklike Seun van God is?

**1 Joh 2:22,23** "Wie is die leuenaar, behalwe hy wat ontken dat Jesus die Christus is? Dit is die Antichris wat die Vader en die Seun loën. Elkeen wat die Seun loën, het ook nie die Vader nie."

**1 Joh 5:10,11** “Wie in die Seun van God glo, het die getuienis in homself. Hy wat God nie glo nie, het Hom tot leuenaar gemaak, omdat hy die getuienis nie geglo het wat God aangaande sy Seun getuig het nie.En dit is die getuienis: dat God ons die ewige lewe gegee het, en dié lewe is in sy Seun.”
**Joh 3:36** “Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe; maar hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die toorn van God bly op hom.”
**Joh 20:31** “maar hierdie is beskrywe, dat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God; en dat julle deur te glo die lewe kan hê in sy Naam.”

## 13. Waarom het die Jode Christus doodgemaak?

**Mat 26:63-65** “Maar Jesus het stilgebly. En die hoëpriester antwoord en sê vir Hom: Ek besweer U by die lewende God dat U vir ons sê of U die Christus, die Seun van God, is? Jesus antwoord hom: U het dit gesê. Maar Ek sê vir u almal: Van nou af sal u die Seun van die mens sien sit aan die regterhand van die krag van God en kom op die wolke van die hemel. Toe verskeur die hoëpriester sy klere en sê: Hy het godslasterlik gespreek, wat het ons nog getuies nodig? Kyk, nou het julle sy godslastering gehoor!”

**Joh 19:7** “Die Jode antwoord hom: Ons het ’n wet en volgens ons wet moet Hy sterf, omdat Hy Homself die Seun van God gemaak het.”
Jesus het verkies om eerder te sterf as om Sy ware seunskap te ontken! Hoeveel te meer behoort ons (sterflinge) die seunskap van Jesus te bely?

## 14. Wat word beloof aan diegene wat Jesus as die Seun van God ontvang?

**Joh 1:12** “Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo”



Les 5

# Gelykheid van die Vader en die Seun

Ons het vasgestel dat Jesus die Seun van God is omdat Hy gebore/voortgebring is deur die Vader in die dae van die ewigheid.

## 1. Is die Vader en die Seun gelyk aan mekaar?

**Fili 2:6** "Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie,"
In hierdie les sal ons die Skrif ondersoek om te sien of God aan ons die grondslag van hierdie gelykheid openbaar. Waarom is die Vader en die Seun gelyk?

## 2. Wat het Jesus kragtens Sy goddelike geboorte geërf?

**Heb 1:4** "terwyl Hy soveel uitnemender geword het as die engele namate Hy 'n voortrefliker naam geërf het as hulle."
**Exo 23:20,21** "Kyk, Ek stuur 'n Engel voor jou uit om jou op die pad te bewaar en om jou na die plek te bring wat Ek gereedgemaak het. Neem jou in ag vir Hom en luister na sy stem; wees nie wederstrewig teen Hom nie; want Hy sal julle oortreding nie vergewe nie, want my Naam is in Hom."
Jesus, as die Seun van God, het Sy Vader se naam geërf. Ons weet ook dat Jesus, wie die Engel was wat voor die Israeliete uitgegaan het, die Vader se naam destyds gehad het. Derhalwe lei ons af dat Jesus die Vader se naam geërf het voor Bethlehem, wat beteken dat Jesus se Seunskap die inkarnasie voorafgaan.

## 3. Wat beteken “Naam”?

Natuur: **Gen5:2** “Man en vrou het Hy hulle geskape en hulle geseën en hulle mens (KJV-Adam) genoem, die dag toe hulle geskape is.”
Gesag/Outoriteit: **Joh 5:43** “Ek het gekom in die Naam van my Vader, en julle neem My nie aan nie. As ’n ander een in sy eie naam kom, hóm sal julle aanneem.”(Sien ook **Joh 10:25;Matt 21:23**)
Karakter: **Spr 22:1** “n NAAM is verkiesliker as groot rykdom, guns beter as silwer en as goud.” (sien ook **Pre 7:1**)
Deur die Vader se naam te erf, het Jesus ook die Vader se goddelike natuur geërf.

## 4. Hoe maak hierdie feit dat Christus Christus is?

**Heb 1:1-3** “NADAT God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het, deur wie Hy ook die wêreld gemaak het. Hy, wat die afskynsel is van sy heerlikheid en die afdruksel van sy wese en alle dinge dra deur die woord van sy krag, nadat Hy deur Homself die reiniging van ons sondes bewerk het, het gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogte,”
Christus is die afdruksel van die Vader. Hy het dieselfde goddelike natuur en lewe as wat Sy Vader het. Sy Seunskap en erfnis kwalifiseer Jesus om te wees:

a. Eienaar – “as erfgenaam van alles aangestel het”
b. Skepper - “deur wie Hy ook die wêreld gemaak het”
c. Beeld en gelyk met God – “Hy, wat die afskynsel is van sy heerlikheid en die afdruksel van sy wese”
d. Onderhouer –“ alle dinge dra”
e. Heiland – “deur homself die reiniging van ons sondes bewerk het”
f. Middelaar – “gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogte”

## 5. Openbaar die Bybel vir ons dat Christus die afdruksel van God was voor die Inkarnasie?

**Open 12:7** "En daar het oorlog in die hemel gekom: Mígael en sy engele het oorlog gevoer teen die draak, en die draak en sy engele het oorlog gevoer;"

"Migael" beteken "een wie soos God is." Weereens bevestig dit die feit dat Jesus hierdie naam geërf het in die dae van die ewigheid.

## 6. Wat het Christus nog geërf?

**Joh 5:26** "Want soos die Vader lewe het in Homself, so het Hy aan die Seun ook gegee om lewe in Homself te hê"

Dieselfde lewe wat die Vader het, het Sy Seun geërf. Dit is ontsterflike, oorspronklike lewe wat die Seun kan gee aan die wat in Hom glo. (**Joh 17:2** – die ewige lewe.)

## 7. Beteken dit dat Jesus, 'n goddelike Wese, ons lofprysinge en aanbidding waardig is?

**Heb 1:8,6** "maar van die Seun: U troon, o God, is tot in alle ewigheid, die septer van u koninkryk is 'n regverdige septer; En wanneer Hy weer die Eersgeborene in die wêreld inbring, sê Hy: En al die engele van God moet Hom aanbid."

**Kol 2:9; 1:19** "Want in Hom woon al die volheid van die Godheid liggaamlik; Want dit het die Vader behaag dat in Hom die ganse volheid sou woon."

Al die volheid van die Godheid woon in Hom liggaamlik. Hy is ten volle goddelik, want Sy Vader is God.

## 8. Moet ons die Seun eer soos ons die Vader eer?

**Joh 5:23** “sodat almal die Seun kan eer net soos hulle die Vader eer. Wie die Seun nie eer nie, eer nie die Vader wat Hom gestuur het nie.”
Ons eer en aanbid die Seun ewe veel as die Vader. Hulle albei het dieselfde goddelike natuur. Ons gee die hoogste eer aan God wanneer ons Sy Seun eerbiedig (**Fil 2:11**)

## 9. Het die Jode verstaan dat Jesus Hom met God gelykgestel het?

**Joh5:18** “Hieroor het die Jode toe nog meer probeer om Hom dood te maak, omdat Hy nie alleen die sabbat gebreek het nie, maar ook God sy eie Vader genoem het en Hom met God gelykgestel het.”

## 10. Hoekom wou die Jode Jesus stenig?

**Joh 10:33-36** “Die Jode antwoord Hom en sê: Dit is nie oor ’n goeie werk dat ons U stenig nie, maar oor godslastering, en omdat U wat ’n mens is, Uself God maak.Jesus antwoord hulle: Is daar nie in julle wet geskrywe: Ek het gesê, julle is gode nie? As dit hulle gode noem tot wie die woord van God gekom het, en die Skrif nie gebreek kan word nie,sê julle vir Hom wat die Vader geheilig en in die wêreld gestuur het: U spreek godslasterlik — omdat Ek gesê het: Ek is die Seun van God?”
Omdat Jesus, God Sy eie Vader genoem het, het die Jode verstaan dat Jesus Hom met God gelykgestel het. Jesus het dit ook verstaan. Jesus se gelykheid met Sy vader is gebaseer op Sy Seunskap.

Les 6

# Die Heilige Gees – Deel 1: God se Gees / Die mens se Gees

## 1. Na wie se beeld is die mens geskape?

**Gen 1:26** "En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis,"

## 2. Met wie het God gepraat? Is daar nog 'n Goddelike Wese na die gelykenis van God?

Die Bybel beskryf alleenlik Christus as na God se beeld.
**2 Kor 4:4** "naamlik die ongelowiges in wie die god van hierdie wêreld die sinne verblind het, sodat die verligting van die evangelie van die heerlikheid van Christus, wat die beeld van God is, op hulle nie sou skyn nie."
**Fil 2:6** "Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie"
**Kol 1:15** "Hy is die Beeld van die onsienlike God, die Eersgeborene van die hele skepping;"
**Heb 1:4** "terwyl Hy soveel uitnemender geword het as die engele namate Hy 'n voortrefliker naam geërf het as hulle."
Tensy die Bybel 'n ander goddelike Wese na die beeld en gelykenis van God openbaar, moet ons tot die gevolgtrekking kom dat in **Gen 1:26** God, die Vader, met Sy Seun gepraat het.

## 3. Wat behels die term "beeld en gelykenis"?

**Gen 5:3** "Toe Adam honderd-en-dertig jaar oud was, het hy 'n seun verwek na sy gelykenis, na sy ewebeeld, en hom Set genoem."

## 4. Waaruit is die mens ('n lewende siel) gemaak?

**Gen 2:7** "En die HERE God het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het dan die mens 'n lewende siel geword."
Menslike liggaam + menslike siel(gees) = lewende siel

## 5. As die mens na die beeld van God gemaak is, en die mens het twee aspekte, 'n gees en 'n liggaam, beteken dit dat God en Christus 'n Gees en 'n liggaamlike vorm het?

a. **Het God 'n liggaamlike vorm?**

- Profete het God gesien:

**Miga**
**1 Kon 22:19** " Verder sê hy: Daarom, hoor die woord van die HERE: Ek het die HERE sien sit op sy troon terwyl al die hemelse leërskare by Hom staan, aan sy regter- en aan sy linkerhand."

**Jesaja**
**Jes 6:1** "IN die sterfjaar van koning Ussía het ek die Here sien sit op 'n hoë en verhewe troon, terwyl sy some die tempel gevul het."

(Ook **Daniel** [**Dan7:9,13]** en **Johannes** [**Open 4:2,3**] het God gesien)

- Christus was in die vorm (gestalte/gedaante) van God voor die inkarnasie

**Fil 2:6** "Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie."

- **Jesus het gesê dat Sy Vader 'n gestalte het wat geen ander as Hy gesien het nie.**

**Joh 6:46** "Nie dat iemand die Vader gesien het nie, behalwe Hy wat van God kom: Hy het die Vader gesien."
**Joh5:37** "En die Vader wat My gestuur het, Hy het van My getuig. Julle het nog nooit sy stem gehoor of sy gedaante gesien nie."

- Ons sal God sien:

**Mat 5:8** "Salig is die wat rein van hart is, want hulle sal God sien."

**b. Het God 'n gees?**

Vader:
**Joh 4:24** "God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid."(sien ook **Matt 10:20**)

Jesus:
**1 Kor 15:45** "So is daar ook geskrywe: Die eerste mens, Adam, het 'n lewende siel geword; die laaste Adam 'n lewendmakende Gees"(sien ook **Fil 1:19**)
Goddelike liggaam/vorm + Goddelike Gees = Goddelike Wese

## 6. Is daar enige parallelle( ooreenkomste) tussen die mens en sy gees, en God en sy Gees?

**1 Kor 2:11** "Want wie van die mense weet wat in 'n mens is, behalwe die gees van die mens wat in hom is? So weet ook niemand wat in God is nie, behalwe die Gees van God."

(Bostaande teks vertel ons dat, wat die mens se gees vir die mens is, dieselfde is as, wat God se Gees vir God is.)
Nogtans lig die teks 'n baie belangrike verskil uit. Terwyl die gees van die mens, "in hom" is, is die Gees van God nie tot die liggaamlike vorm van God beperk nie.

## 7. Waarna verwys die gees van die mens?

- Gees – **Dan 2:1** "EN in die tweede jaar van die regering van Nebukadnésar, het Nebukadnésar 'n droom gehad, sodat sy gees onrustig geword het en dit met sy slaap gedaan was."

(Vanselfsprekend kon Nebukadneser nie slaap nie, omdat hy aan sy droom gedink het. Met ander woorde, sy gees was onrustig.)

- Hart – **Ps 34:19** " Die HERE is naby die wat gebroke is van hart, en Hy verlos die wat verslae is van gees."

(Sien ook **Ps 51:12, 19; 77:7; 78:8; Ese 36:26)**

- Lewe/asem - **Job 27:3** "want my asem is nog heeltemal in my, en die lewensasem van God is in my neus"

(sien ook **Jes 38:16; Open 11:11**)

Die gees van die mens is die persoonlikheid, karakter en lewe van die mens. Dit is sy eie persoon.

## 8. Hoe verduidelik die Bybel God se Gees?

- Gees – vergelyk **Jes 40:13** met Paulus se woorde in **Rom 11:34** (die gedagte van die Here)

**Jes 40:13** "Wie het die Gees van die HERE bestier en as sy raadsman Hom onderrig?"

**Rom 11:34** "Want wie het die gedagte van die Here geken, of wie was sy raadsman gewees?"(sien ook **1 Kor 2:16**)

- Lewe

**Joh 6:63** "Dit is die Gees wat lewend maak, die vlees is van geen nut nie; die woorde wat Ek tot julle spreek, is gees en is lewe."

**Rom 8:10** "Maar as Christus in julle is, dan is die liggaam dood vanweë die sonde, maar die gees is lewe vanweë die geregtigheid."

(sien ook **Gen 2:7; Job 27:3; 33:4; Open 11:11**)

Net soos die verhouding tussen die mens en sy gees, so is die verhouding tussen God en Sy Gees. Die Gees van God is Sy eie persoonlikheid, karakter, lewe en gedagtes.

## 9. As die gees van die mens dan sy eie aangesig/persoon is, kan ons dan sê dat die Gees van God Sy eie persoon/aangesig is?

**Ps 139:7** “Waar sou ek heengaan van u Gees en waarheen vlug van u aangesig?”
**Ps 51:13** “ Verwerp my nie van U aangesig nie en neem U Heilige Gees nie van my weg nie.”
Gevolgtrekking: God het ’n liggaamlike vorm en ’n geestelike vorm. Sy Gees is nie beperk tot Sy liggaam nie. Soos jou gees jou eie person, denke en aangesig is, so ook is God se Gees Sy eie persoon, gedagte (denke) en aangesig(teenwoordigheid).

Les 7

# Die Heilige Gees – Deel 2: Die Identiteit van die Heilige Gees

In die vorige les het ons vasgestel dat God se Gees Sy eie gees, lewe, aangesig en persoon is.
In hierdie les wil ons sien vanwaar die gees kom, asook die identiteit van die Gees.

## 1. Wat het Jesus belowe voordat Hy weggegaan het?

**Joh 14:16,17,26** "En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid: die Gees van die waarheid wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat dit Hom nie sien en Hom nie ken nie; maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees... maar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het."

## 2. Volgens die Bybel, wie se gees is die "Heilige Gees"?

Vergelyk die volgende twee verse:
**Mar 13:11** "En wanneer hulle jul weglei om julle oor te lewer, moenie julle vooraf kwel oor wat julle sal spreek nie, en moenie daaroor dink nie; maar wat julle in dié uur gegee word, dit moet julle spreek; want dit is nie julle wat spreek nie, maar die Heilige Gees."

Mattheüs stel dit as volg:
**Matt 10:19,20** "Maar wanneer hulle jul oorlewer, moenie julle kwel oor hoe of wat julle sal spreek nie, want dit sal julle in daardie uur gegee word wat julle moet spreek; want dit is nie julle wat spreek nie, maar die Gees van julle Vader wat in julle spreek."

**Heilige Gees = Gees van die Vader**

Vergelyk ook die volgende twee verse:
**2 Pet 1:21** “want geen profesie is ooit deur die wil van ’n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek.”

In sy eerste brief waar Petrus oor dieselfde onderwerp praat sê hy:
**1 Pet 1:10,11** “Aangaande hierdie saligheid het die profete wat geprofeteer het oor die genade wat vir julle bestem is, ondersoek en nagevors, en hulle het nagespeur op watter of hoedanige tyd die Gees van Christus wat in hulle was, gewys het, toe Hy vooruit getuig het van die lyde wat oor Christus sou kom en die heerlikheid daarna.”

Heilige Gees = Gees van Christus

Volgens die vorige vier verse, kan ons met veiligheid aflei dat –
Gees van Christus = Heilige Gees = Gees van die Vader

## 3. Hoeveel heilige geeste is daar?

**Efe 4:4** “Dit is een liggaam en een Gees, soos julle ook geroep is in een hoop van julle roeping;”

## 4. Wanneer ons die Heilge Gees ontvang, wie ontvang ons?

**Joh 14:23** “Jesus antwoord en sê vir hom: As iemand My liefhet, sal hy my woord bewaar, en my Vader sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en by hom woning maak.”

Volgens Jesus, wanneer ons die Heilige Gees ontvang, ontvang ons beide die Vader en die Seun.

Besit die Vader en die Seun dieselfde Gees?

**Rom 8:9,10** "julle is egter nie in die vlees nie, maar in die Gees, as naamlik die Gees van God in julle woon. Maar as iemand die Gees van Christus nie het nie, dié behoort nie aan Hom nie. Maar as Christus in julle is, dan is die liggaam dood vanweë die sonde, maar die gees is lewe vanweë die geregtigheid."

In hierdie verse, terwyl Paulus oor dieselfde gees praat, gebruik hy die volgende terminologie: Gees, Gees van God, Gees van Christus, Christus.
Dit vertel ons dat Paulus geglo het dat die Heilige Gees die Gees van beide die Vader en die Seun is.

## 6. Waarvandaan kom die Gees?

**Joh 15:26** "Maar as die Trooster gekom het wat Ek vir julle van die Vader sal stuur, die Gees van die waarheid wat van die Vader uitgaan, sal Hy van My getuig."

## 7. Hoekom kom die Gees van die Vader?

**1 Kor 8:6** "tog is daar vir ons maar een God, die Vader uit wie alles is, en ons tot Hom, en een Here Jesus Christus deur wie alles is, en ons deur Hom."

**Rom 11:36** "Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid. Amen"

Die Gees kom van die Vader uit wie alle dinge is. Hy is die bron van alle dinge. (Sien asb. Les 3 vir verdere inligting.)

## 8. Deur wie kom hierdie Gees na ons?

**Efe 2:18** “want deur Hom het ons albei die toegang deur een Gees tot die Vader.”
**Joh 20:22** “En nadat Hy dit gesê het, blaas Hy op hulle en sê vir hulle: Ontvang die Heilige Gees.”

Die Gees van die Vader kom na ons deur Jesus, en deur Hom keer dit terug.

## 9. Wie kom na ons toe om ons Trooster te wees?

**Joh 14: 18,19** “Ek sal julle nie as wese agterlaat nie; Ek kom weer na julle toe.
Nog ’n klein tydjie, en die wêreld sien My nie meer nie; maar julle sien My, omdat Ek lewe en julle sal lewe.”

## 10. Hoe stuur die Vader Jesus na ons toe? Is dit Jesus in die vlees of in die Gees?

**Gal 4:6** “En omdat julle kinders is, het God die Gees van sy Seun in julle harte uitgestuur, en Hy roep: Abba, Vader!”
Let wel: Paulus sê in Galásiërs dat wanneer ons die Gees van Jesus ontvang, roep Hy: “Abba, Vader” . In **Romeine 8:15** sê hy dat wanneer ons die Gees ontvang, roep ons: “Abba, Vader”.
Dit bevestig weereens dat die Heilige Gees die gees van Jesus is.

## 11. Wanneer ons die Gees van Jesus ontvang, is dit iemand anders as Jesus?

**2 Kor 3:17** “Die Here is die Gees, en waar die Gees van die Here is, daar is Vryheid.”

Paulus sê in **1 Kor 8:6** dat daar een Here Jesus Christus is , en in **Efësiers 4:4** dat daar een Gees is. Maar Paulus sê ook in bostaande vers dat die Here die Gees is. As dit die Here Jesus is en daar is een gees, dan is dit logies en skriftuurlik om te glo dat die Heilige Gees niemand anders is as die Here Jesus Christus in geestelike gedaante nie. Jesus self kom na ons toe as 'n persoonlike Trooster. Die Gees is die persoon van Jesus.

## 12. Sê die Bybel vir ons dat Jesus 'n Gees geword het?

**1 Kor 15:45** "So is daar ook geskrywe: Die eerste mens, Adam, het 'n lewende siel geword; die laaste Adam 'n lewendmakende Gees."

## 13. Hoekom sê die Bybel somtyds dat wanneer die Trooster kom, sal albei die Vader en die Seun kom, terwyl op ander plekke se dit Jesus is daardie Gees?

**2 Kor 5:19** "naamlik dat God in Christus die wêreld met Homself versoen het..."

**Joh 14:10,20** "Glo jy nie dat Ek in die Vader is en die Vader in My nie? Die woorde wat Ek tot julle spreek, spreek Ek nie uit Myself nie; maar die Vader wat in My bly, Hy doen die werke.
In dié dag sal julle weet dat Ek in my Vader is, en julle in My, en Ek in julle."

## 14. Wie klop aan die deur van ons harte?

**Open 3:20** "Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My"

## 15. Wat is ons hoop van die heerlikheid?

**Kol 1:27** “aan wie God wou bekend maak wat die rykdom van die heerlikheid van hierdie verborgenheid onder die heidene is, dit is Christus onder julle, die hoop van die heerlikheid”
(In die Engels KJV sê dit “Christ in you the hope of glory.”)



# Les 8

# Die Vader en die Seun in die Heiligdom

## 1. Waar moet ons soek om meer van God se weë te kan leer?

Die Bybel sê dat God se weë in Sy Heiligdom is:
**Ps 77:14** "O God, u weg is in heiligheid. Wie is 'n groot God soos God?"
Wat het die heiligdom te sê oor die Godheid? Hoveel Wesens word in die heiligdom en sy dienste geopenbaar?

## 2. Hoeveel stadiums behels die heiligdom diens?

Die heiligdom diens het drie stadiums behels; die voorhof, die Heilige en die Allerheiligste. Ons sal die drie stadiums afsonderlik bestudeer om te sien wat ons van hulle kan leer.

**I. Die Allerheiligste:**

**a. Watter lesse kan ons leer van die Allerheiligste met betrekking tot die Godheid?**

God het beveel dat slegs een Wese, behalwe Hyself, die Allerheiligste mag binnegaan.

**1. Jesus, ons Hoëpriester:** slegs die hoëpriester is toegelaat om die Allerheiligste binne te gaan (**Heb 9:6,7**). Jesus is ons hemelse Hoëpriester (**Heb 4:4; 5:10; 6:20**).
**2. God, die Vader op die troon:** God se teenwoordigheid was op die versoendeksel. (**Exo 25:21, 22; Ps 80:2**). God, die Vader, is die Een wat sit op die troon in die hemelse heiligdom (**Open 4:2; 5:1-6**).
**3. Jesus offer ons gebede aan die Vader:** Slegs een persoon, die hoëpriester, kon die reukwerk voor die aangesig van God lê op die groot Versoendag (**Lev 6:11-13**). Die reukwerk verteenwoordig die gebede van die heiliges gemeng met Christus se geregtigheid (**Ps 141:2, Open 5:8; 8:3**) Dit is Christus wat ons gebede ontvang en hulle aan Sy Vader offer, gemeng met Sy geregtigheid.

**b. Hoeveel goddelike Wesens vind ons in die Allerheiligste? En wie is Hulle?**

'n Eenvoudige studie van die Allerheiligste in die aardse heiligdom toon vir ons slegs twee goddelike Wesens, die Vader en die Seun, wat verteenwoordig word deur die aardse hoëpriester en God se teenwoordigheid op die troon.

**II. Die Heilige:**

**a. Watter lesse kan ons leer van die aardse Heilige met betrekking tot die Godheid?**

**1. Jesus is ons hemelse Priester/Hoëpriester:** Die priesters of die hoëpriester wat in die eerste vertrek opgetree het, is 'n simbool of tipe van Christus, ons Hoëpriester.

**2. God se teenwoordigheid in die Heilige:** Die Bybel sê dat God in die aardse heiligdom Sy heerlikheid in albei vertrekke gemanifesteer het.

**Exo 33:9-11** "En as Moses in die tent ingaan, kom die wolkkolom af en gaan by die ingang van die tent staan, en dan spreek Hy met Moses.
En as die hele volk die wolkkolom sien staan by die ingang van die tent, staan die hele volk op en buig, elkeen aan die ingang van sy tent.
Dan spreek die HERE met Moses van aangesig tot aangesig soos 'n man met sy vriend spreek. Daarna gaan hy na die laer terug; maar sy dienaar Josua, 'n jongman, die seun van Nun, het hom nie uit die tent verwyder nie."
(Sien ook **Exo 29:42-44; 30:36; 40:34,35; 1 Kon8:10,11: 2 Kro 5:13,14;7:1,2**)

In **Exodus 33:9-11** het ons die voorbeeld van die teenwoordigheid van twee lewende wesens – Moses, die Middelaar, en God. Ons weet natuurlik dat Moses Jesus verteenwoordig, die enigste Middelaar tussen God en die mens (**1 Tim 2:5**).

Vandaar hierdie voorbeeld wat vorentoe wys na die teenwoordigheid van albei – Jesus, ons Middelaar en Hoëpriester, en God, die Vader, in die eerste vertrek van die hemelse heiligdom.

**3. Tafel van Toonbrood:** Die Tafel van die Toonbrode het twee stapels brode daarop gehad, ses in 'n stapel (**Lev 24:5,6)** Hierdie twee stapels het die Vader en die Seun verteenwoordig; die rede hiervoor is:

- Twee Kranse: Die Tafel van die Toonbrode  het twee kranse, of 'n dubbel kroon, daarop gehad (**Exo 25:23-25**) . Waarom twee?
- Jesus is die Brood: Die brood verteenwoordig Jesus (**Joh 6:51**). Maar Jesus sê: "Ek en die Vader is een." (**Joh 10:30**) Vandaar dat die brood ook die Vader kon verteenwoordig. Daarom het God die priester beveel om die brood in twee stapels (nie 1 of 3 nie) te plaas, wat die Vader en die Seun verteenwoordig het, op 'n tafel wat twee kranse gehad het (nie 1 of 3 nie).
- Jesus deel die Vader se troon: **Open 3:21** vertel ons dat Jesus Sy Vader se troon met Hom deel. Vandaar is daar twee goddelike Wesens op die troon.
- Die Tafel van Toonbrode met die twee stapels daarop is 'n gepaste verteenwoordiging van die Vader en die Seun se teenwoordigheid in die eerste vertrek van die hemelse heiligdom waartydens Jesus Sy bediening in die Heilige vervul het.

**b. Hoeveel goddelike Wesens vind ons in die aardse Heilige? En wie is Hulle?**

'n Studie van die aardse Heilge bewys die teenwoordigheid van slegs twee Wesens, Jesus, die Middelaar/Priester, en God, die Vader. Weereens net twee lewende Wesens, nie drie nie.

**c. Wat van die Heilige Gees?** Is dit teenwoordig in die Heilige? In die Heilige is daar onpersoonlike en lewelose elemente wat die Heilige Gees verteenwoordig, soos die olie wat gebruik is om die kandelaar aan te steek.

Maar die punt is , dat nêrens sien ons 'n derde lewende Wese wat die Heilige Gees verteenwoordig nie. Die gees is daar ja, maar nie soos die Vader en die Seun nie. Die olie is 'n simbool van die Gees, maar word egter in die Heilige gebruik om lig te verskaf, wat 'n simbool is van Jesus. (**Joh 8:12; 9:5)**

## III. Die Voorhof:

a. Watter lesse kan ons leer van die voorhof met betrekking tot die Godheid?

Die diens in die voorhof het drie lewende wesens betrek:

**1. Jesus is die Offer:** Die offer, hetsy 'n lam of 'n jong bul, ens. (**Lev 4:3**) het Jesus, die Seun van God, verteenwoordig.(**Joh 1:26,29**)

**2. Ons is die sondaars:** Die sondaar, wat die sondoffer met sy eie hande geslag het, (**Lev4:4)** het die sondaar wat sy sondes bely en geestelike offers bring, verteenwoordig. (**1 Pet 2:5**)

**3. Jesus is die gesalfde Priester:** Die gesalfde priester het die bloed geneem en na die tent van samekoms gebring (**Lev 4:5**) Dit verteenwoordig ook Jesus ons Hoëpriester (**Heb 4:14; 5:10; 6:20)**.

b. Hoeveel goddelike Wesens bied die voorhof diens ons aan? Hierdie was die enigste lewende wesens wat betrokke was in die voorhof diens. Ons sien slegs een goddelike Wese.

c. Wat verteenwoordig die ander priesters?

Natuurlik het daar in die voorhof sowel as in die Heilige meer as een priester diens verrig. Hierdie priesters kan een of twee opsies verteenwoordig:

1. 'n Tipe van Christus
2. al die heiliges (die Bybel noem die volgelinge van Jesus 'n "koninklike priesterdom" (**1 Pet 2:9**) Hulle verteenwoordig die mense wat met die Godheid saamwerk.)

Ongeag watter een jy glo die regte een te wees, die feit bly staan, daar is geen lewende wese wat die  Heilige Gees verteenwoordig nie.

d. Word die Heilige Gees in die Voorhof verteenwoordig?

Let op die volgende:-

1. Vuur op die altar vir brandoffers – In **Handelinge 2:3** sien ons die Gees wat uitgestort is soos tonge van vuur.

2. Water in die Waskom – In die Nuwe Testament word die Gees deur water voorgestel (sien **Joh 4:14; 7:38,39; Open 22:1**)

Maar die feit bly staan dat nêrens sien ons die Heilige Gees uitgebeeld as ’n lewende wese soos die Vader en die Seun nie.

e. Wat is een van die take van die Hoëpriester in die voorhof wat ooreenkom met Jesus se werk op aarde?

Dit is belangrik om op te let dat een van die Hoëpriester se pligte was om die mense te onderrig (**Ese  44:23**); wat vanselfsprekend buite die tabernakel plaasgevind het, aangesien geen ander as die priester daar mag ingaan nie. Met ander woorde, die priester het nie alleen in die Heiligdom God bedien nie, maar hy moes ook uitgaan en die mense leer. Opvallend was dat die priesters hulle klere moes neersit en ander moes aantrek voordat hulle kon uitgaan na die mense toe. Hierdie klere moes anders wees as die wat hulle in die teenwoordigheid van God aangehad het.

**Ese 44:19** “En as hulle uitgaan na die buitenste voorhof, na die buitenste voorhof na die volk toe, moet hulle hul klere uittrek waar hulle in gedien het, en dit neersit in die heilige kamers, en hulle moet ander klere aantrek, sodat hulle die volk nie heilig maak met hul klere nie.”

Dit is hier waar ek glo die tipe vir ons ’n baie interessante en heldere insig gee. Een van die pligte van Christus, ons Hoëpriester, is om die mense buite die Heiligdom te onderrig. Nie alleen dit nie, maar volgens die tipe moet Hy ander klere dra, of Hy moet in ’n “ander vorm” verskyn, verskillend van hoe Hy in die teenwoordigheid van God verskyn.

En dit is presies wat Christus doen. Terwyl Jesus in die hemelse heiligdom in Sy fisiese of liggaamlike vorm dien, is Hy nog steeds deur Sy Gees – die dienaar van die kerk op aarde. (**Gal 4:6**) Jesus het belowe om altyd by ons te wees en ons nooit te begewe of te verlaat nie (**Mat 28:20; Heb 13:5**) Die Bybel vertel ons dat Jesus met Sy volgelinge "saamgewerk" het. (**Mar16:20**)  Soos u kan sien, die aardse heiligdom bied vir ons net twee goddelike Wesens: die Vader en die Seun. Daar is geen  plek vir n' derde lewende wese in die heiligdom nie.  Benewens dit, leer die bediening in die heiligdom ons dat om die tipe te vervul, Jesus moet doen wat die priester gedoen het, naamlik: gaan uit en leer die mense – wat Hy doen deur Sy eie gees, die Heilige Gees. Die apostels het dit verstaan, vandaar Paulus se verklaring dat Jesus die Heilige Gees is. (**2 Kor 3:17; 1 Kor 8:6;** verwys asseblief ook na Les 7 vir verdere inligting.)

Les 9

# Antwoorde op Besware

## 1. Beswaar 1

**Gen 1:2** "En die aarde was woes en leeg, en duisternis was op die wêreldvloed, en die Gees van God het gesweef op die waters."

Beswaar: Die Heilige Gees was teenwoordig by die skepping; derhalwe moet hy 'n individuele persoon wees, soos die Vader en die Seun.

Antwoord: Die skepping word toegeskryf aan sowel die Heilige Gees as die Vader en Seun vanwee bogenoemde teks. Lesers laat egter na om te besef dat die tweede naamval hier gebruik word: "Die Gees van God". Dit sê nie "God die Gees"nie. Dit sê "Die Gees van God".

**Ps 33:6** "Deur die Woord van die HERE is die hemele gemaak en deur die Gees van sy mond hulle hele leër."

Die Hebreeuse woord "rûach" (in Engels "breath") is dieselfde woord vertaal "gees"in **Genesis 1:2**. Die betekenis behoort duidelik te wees: die gees van God is die asem van God. Verder word dit beaam in **Johannes 20:22** toe Jesus op sy dissipels geblaas het, en vir hulle gesê het: "Ontvang die Heilige Gees". Jesus het Sy eie Gees geblaas en nie iemand anders nie. Dit is dieselfde gees in **Genesis 1:2**, "die Gees van God", wat ook vertaal kan word as "asem van God".

**Job 33:4** "Die Gees van God het my geskape, en die asem van die Almagtige maak my lewend."

Die Gees van God word vergelyk met Sy asem. Dit is die betekenis van die woord.

## 2. Beswaar 2

**Gen 1:26** "En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip."

Beswaar: Hierdie teks (asook **Genesis 11:7)** bewys dat God meervoudig is. Die "Ons" verwys na al drie wesens.
Antwoord: Dit is waar dat die "Ons" bewys dat daar meer as een persoon betrokke was by die skepping, maar nie noodwendig drie nie. Die Skrif sê "God wat alles geskape het deur Jesus Christus"(**Efesiërs 3:9**). So ook sê **Hebreërs 1:2** dat God alle dinge geskape het deur Sy Seun.
Verder in **Spreuke 30:4** lees ons: "Wie het na die hemel opgeklim en neergedaal? Wie het die wind in sy vuiste versamel? Wie het die waters in 'n kleed saamgebind? Wie het al die eindes van die aarde vasgestel? Hoe is sy Naam? En hoe is die Naam van sy Seun—as jy dit weet?"
In hierdie teks word die skeppingswerk toegeskryf aan twee Wesens ('n Vader en 'n Seun). **Spreuke 8:22-30** skryf ook die skeppingswerk toe aan twee Wesens. God die Vader, is die groot Bron van alles, en Hy het alle dinge geskape deur Sy Seun, Jesus Christus. Soos u kan sien, beide die Ou en die Nuwe Testament skryf die skeppingswerk toe aan slegs twee Wesens.
Buitendien sê God "laat ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis". Vanselfsprekend praat God met iemand in Sy eie beeld en gelykenis. Volgens die Bybel is Christus die enigste Een wat "die afdruksel van Sy Wese"is (**Hebreërs 1:3**) (Sien ook vraag 2 in Les 6).
Nou kan ons met sekerheid weet wie in **Genesis 1:26** praat. God, die Vader, sê vir Sy Seun, "laat ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis".

## 3. Beswaar 3

**Jes 9:5** "Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors"
Beswaar: Hierdie teks bewys die Drie-eenheid, want Christus word genoem "Sterke God"en "die Ewige Vader".

Antwoord: Baie nadruk word gelê op **Jesaja 9:5** om 'n drie-eenheid te bewys omdat Christus die "Ewige Vader" genoem word. Maar dit verwys nie na 'n Drie-eenheid nie. Is Christus die Vader in die Drie-eenheid? Indien wel, hoe is Hy die Seun? Of as Hy beide Vader en Seun is, hoe kan daar 'n Drie-eenheid wees? 'n Drie-eenheid verwys na drie persone. Om 'n Drie-eenheid te erken, moet die onderskeid tussen Vader en Seun gehandhaaf word. Christus word genoem "die tweede persoon in die Drie-eenheid" , maar as hierdie teks 'n Drie-eenheid bewys, of selfs eens daarna verwys, bewys dit dat Christus nie die tweede is nie, maar die eerste. En as Hy die eerste is, wie is die tweede? Dit is baie duidelik dat hierdie teks geensins na so 'n leerstelling verwys nie. En wanneer ons Skrif met Skrif vergelyk, kan ons seker wees dat dit nie die "Jesus only" doktrine ondersteun nie. 1

1 ) "Jesus only" eer die ondeelbare eenheid van God waar daar een God is wat Homself anders in verskillende bedelings manifesteer. In die Ou Testament is Hy die Vader, in die Nuwe Testament nadat Jesus na die hemel teruggegaan het, is Hy die Heilige Gees. "

Die Seun word na verwys as die ewige Vader, nie van Homself nie, ook nie van Sy Vader nie, maar van die kinders wat Sy Vader vir Hom gegee het. Sy woorde is: "Hier is Ek en die kinders wat God My gegee het."( **Hebreërs 2:13**) Paulus haal **Jesaja 8:18** aan, en pas dit toe op Christus.

Verder, Jerusalem is "die Moeder van ons almal" (**Galasiërs 4:26**) en sy is die bruid van haar man, Jesus Christus (**Openbaring 21:2**) Dus, as Jesus die eggenoot van ons Moeder is, maak dit Hom ons ewige Vader.

Let ook op dat **Jesaja 9:5** se: "Hy word genoem...Sterke God". Hierdie benoeming beklemtoon die goddelike natuur van Christus. Hy is voorwaar magtig, want alle mag is aan Hom gegee (**Matteüs 28:18**), en Hy is goddelik weens Sy goddelike geboorte, soos ons in Lesse 4 en 5 gesien het.

Dit is daarom gepas om na die Seun te verwys as magtig, want Hy is magtig. Dit is ook gepas om na Hom te verwys as God, want die Allerhoogste God Homself verwys na Sy Seun as "God" in **Hebreërs 1:8**. Daarom kan die term "Ewige Vader" en "Sterke God" met reg na die Seun verwys.

## 4. Beswaar 4

**Matt 12:31,32** "Daarom sê Ek vir julle: Elke sonde en lastering sal die mense vergewe word, maar die lastering teen die Gees sal die mense nie vergewe word nie. En elkeen wat 'n woord spreek teen die Seun van die mens, dit sal hom vergewe word; maar elkeen wat spreek teen die Heilige Gees, dit sal hom nie vergewe word nie, in hierdie eeu nie en ook in die toekomende nie."
Beswaar: Laster julle nie teen die Heilige Gees deur die Drie-eenheid te ontken en nie te glo dat die Heilige Gees die derde goddelike Wese is nie? Beproef julle nie daardeur die Heilge Gees nie?

Antwoord: Hierdie teks word dikwels verkeerdelik verstaan en aangewend om te bewys dat die onvergeeflike sonde die verwerping van die Heilge Gees is. Maar is dit die korrekte interpretasie? Wat beteken "lastering teen die Heilige Gees" nou eintlik?

Hier moet die agtergrond van wat Jesus gesê het, nie oor die hoof gesien word nie. Kom ons lees dit in konteks:

**Matt 12:25-31** "Maar Jesus het hulle gedagtes geken en vir hulle gesê: Elke koninkryk wat teen homself verdeeld is, word verwoes; en elke stad of huis wat teen homself verdeeld is, sal nie bly staan nie. En as die Satan die Satan uitdryf, dan is hy teen homself verdeeld.

Hoe sal sy koninkryk dan bly staan? En as Ek deur Beëlsebul die duiwels uitdryf, deur wie dryf julle seuns hulle uit? Daarom sal hulle jul regters wees. Maar as Ek deur die Gees van God die duiwels uitdryf, dan het die koninkryk van God by julle gekom. Of hoe kan iemand in die huis van 'n sterk man ingaan en sy goed roof, as hy nie eers die sterk man geboei het nie? En dan sal hy sy huis beroof. Hy wat nie met My is nie, is teen My; en hy wat nie saam met My versamel nie, verstrooi. Daarom sê Ek vir julle: Elke sonde en lastering sal die mense vergewe word, maar die lastering teen die Gees sal die mense nie vergewe word nie."

Hierdie verhaal vind ons ook in die evangelie van Markus. Dit werp verdere lig op hierdie vraag:
**Mar 3:28-30** "Voorwaar Ek sê vir julle, al die sondes sal die mensekinders vergewe word en al die lasteringe wat hulle mag uitgespreek het; maar wie teen die Heilige Gees gelaster het, het geen vergifnis tot in ewigheid nie, maar is skuldig aan die ewige oordeel — omdat hulle gesê het: Hy het 'n onreine gees."
In **Markus 3:30** het Jesus aan die mense verduidelik wat die onvergeeflike sonde is: "omdat hulle gesê het: Hy het 'n onreine gees".
Nadat Jesus die blindes en die dowes gesond gemaak het, het die Fariseërs hom daarvan beskuldig dat Hy duiwels uitdryf deur die mag van Beëlsebul. **(Mattheüs 12:24**) In antwoord op hulle aanklag het Jesus gesê: (**Mattheüs 12:31**) "Elke sonde en lastering sal die mense vergewe word, maar die lastering teen die Gees sal die mense nie vergewe word nie."

Hoe hou die aanklag teen Jesus dat Hy duiwels deur die mag van Beëlsebul verband met die verwerping van die Heilige Gees? Wat was die motief vir Jesus se antwoord?

Dit is duidelik dat die sonde teen die Heilige Gees gepleeg word wanneer iemand wetend en opsetlik die werk van die Heilige Gees toeskryf aan Satan. Wanneer daar ’n vasbeslote en volhardende weerstand teen waarheid en getuienis is, dan sondig ons teen die Heilige Gees. Die onvergeeflike sonde is nie die ver-werping van die persoon van die Heilige Gees nie, want dit was nie die onderwerp volgens die konteks nie, maar eerder die verwerping van lig en die weiering om te bely en na die stem van God se Gees te luister. Deur herhaaldelik te weier om berou te hê en die lig wat God ons gee aan te neem, versper ons God se toegang om ons te bereik. Deur onsself buite die bereik van God te plaas, pleeg ons die onvergeeflike sonde deurdat ons geen weg oop laat vir God om ons te bereik nie.

## 5. Beswaar 5

**Matt 3:16,17** “En nadat Jesus gedoop was, het Hy dadelik uit die water opgeklim, en meteens gaan die hemele vir Hom oop, en Hy sien die Gees van God soos ’n duif neerdaal en op Hom kom. En daar kom ’n stem uit die hemele wat sê: Dit is my geliefde Seun in wie Ek ’n welbehae het.”

Beswaar: By die doop van Christus, hoor ons die Vader wat praat uit die hemele, Christus is op die aarde en die Heilige Gees daal neer soos n’ duif. Bewys dit nie duidelik die teenwoordigheid van drie verskillende persone, of die Drie-eenheid nie?

Antwoord: Die antwoord hierop is baie eenvoudig. As ons nie dinge by die Skrif byvoeg nie, sal ons nie verward wees nie. Hier is die verslag soos opgeteken deur die vier evangelies:

**Matt 3:16** “En nadat Jesus gedoop was, het Hy dadelik uit die water opgeklim, en meteens gaan die hemele vir Hom oop, en Hy sien die Gees van God soos ’n duif neerdaal en op Hom kom.”

**Mar 1:10** “En dadelik toe Hy opklim uit die water, sien Hy die hemele skeur en die Gees soos ’n duif op Hom neerdaal.”

**Luk 3:21,22** “En toe die hele volk gedoop en Jesus ook gedoop is, en Hy besig was om te bid, het die hemel oopgegaan; en die Heilige Gees het in liggaamlike gedaante soos ‘n duif op Hom neergedaal; en ‘n stem het uit die hemel gekom wat sê: U is my geliefde Seun; in U het Ek ‘n welbehae.

**Joh 1:32** “ En Johannes het getuig en gesê: Ek het die Gees soos ’n duif uit die hemel sien neerdaal, en Hy het op Hom gebly.”

Enkele feite wat ons hieruit leer is:

a. Dit is die Gees van God. Dit was die Gees van iemand, naamlik God.

b. Sy neerdaling was soos ’n duif.

c. Die gedaante daarvan was soos ’n duif

Steun hierdie feite die gevolgtrekking dat die Heilige Gees ’n ander persoon as God is? Die Heilige Gees word eintlik deur God besit. (Dit is die Gees van God.)

Wat by die doop gebeur het was ’n direkte vervulling van wat God deur Jesaja geprofeteer het.

**Jes 61:1** “DIE Gees van die Here HERE is op My, omdat die HERE My gesalf het om ’n blye boodskap te bring aan die ootmoediges; Hy het My gestuur om te verbind die gebrokenes van hart, om vir die gevangenes ’n vrylating uit te roep en vir die geboeides opening van die gevangenis;”

Jesus het hierdie woorde aangehaal na Sy woestyn ervaring (**Lukas 4:18,19**) Hulle was ’n direkte vervulling van die profesieë van die Ou Testament met betrekking tot die neerdaling van die Gees:

**Jes 11:2** “en op Hom sal die Gees van die HERE rus, die Gees van wysheid en verstand, die Gees van raad en sterkte, die Gees van kennis en van die vrees van die HERE.”

**Jes 42:1** “DAAR is my Kneg wat Ek ondersteun, my Uitverkorene in wie my siel ’n welbehae het. Ek het my Gees op Hom gelê; Hy sal die reg na die nasies uitbring.”

Aan enige eerlike leser is dit 'n baie eenvoudige en duidelike feit. Die Heilige Gees is die Gees van die Here., dit is Sy eie Gees en nie iemand anders wat "die Gees van die Here" genoem word nie. Baie mense glo verkeerdelik dat die "Gees van die Here", "Gees van God" , ens. Eiename is. Hulle is nie. Hulle beskryf in werklikheid wie se Gees dit is, en wat die aard van die Gees is. Die Heilige Gees behoort aan die Here en dit is heilig omdat dit behoort aan iemand wat heilig is.
Dit is hoekom Jesus kon sê:
**Joh 10:37,38** "As Ek nie die werke van my Vader doen nie, moet julle My nie glo nie; maar as Ek dit doen, al glo julle My nie, glo die werke, dat julle kan erken en glo dat die Vader in My is, en Ek in Hom."
Hoe was die Vader in Christus?
Die antwoord word gevind in al die bostaande verse. Die Vader was in Jesus deur Sy Gees. En so sal Jesus ook in ons wees (**Johannes 14:20**), deur Sy Gees.

## 6. Beswaar 6

**Matt 28:19** "Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het."
Beswaar: As die Drie-eenheid verkeerd is, waarom het Jesus ons beveel om te doop in "die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees"? Bewys hierdie teks dan nie dat daar drie persone in die Godheid is nie?
Antwoord: Voordat ons bostaande teks beantwoord, laat ons eerstens goed nadink oor die volgende vrae:

- Het Jesus die identiteit van God in hierdie teks of diskoers aangespreek?
- Noem die teks of selfs die hoofstuk die woord "God"?

- Sê die teks dat God uit drie Wesens of persone bestaan?
- Sê die teks enigiets van die aard van die Vader, Seun of Heilige Gees?
- Sê die teks dat daar drie name is?
- Sê die teks wie die Heilige Gees is?

Die eerlike antwoord op bogenoemde vrae is “Nee”. Die teks handel nie oor wie God is nie en verduidelik nie wat die aard van die Vader, die Seun of die Heilige Gees is nie. Wat dit wel bevestig is dat daar ’n Vader, ’n Seun en ’n Gees is. Daar is geen twyfel oor die bestaan van enige een van hulle nie.

Die verhouding tussen Vader en Seun, en Gees word nie in hierdie teks gedefinieer nie. Om daarop aan te dring dat dit beteken daar is drie persone in die Godheid stem nie ooreen met die inligting wat hier verskaf word nie. Om die verhouding as drie mede-gelyke, mede–ewige wesens te definieer, kan nie uit hierdie teks bewys word nie.

Wat beteken die teks wel? Hoe het diegene wat Christus se bevel gehoor het, dit verstaan? Die antwoord vind ons maklik in Handelinge. Ons vind dat elke doop wat in hierdie boek opgeskryf is, gedoen is in die naam van Jesus en nie in die naam van die Vader, Seun en Heilige Gees nie. (**Handelinge 2:38; 8:16; 10:48; 19:5**)

Nou is die vraag: Het die dissipels die opdrag van Jesus nie verstaan nie? Was hulle verkeerd om die mense alleenlik in die naam van Jesus te doop? Ons glo nie so nie. Ons glo dat die dissipels groter insig gehad het as menige ander gelowiges vandag. Die rede waarom hulle geen verskil gesien het tussen doop in die naam van die Here, of doop in die Naam van die Vader, Seun, en Heilige Gees nie, is soos volg:

Die woord “naam” beteken “gesag”(**Johannes 5:43**) Wanneer ons gedoop word, kom ons onder die gesag en mag van die Vader, die Seun , en die Heilige Gees. Die gebruik van die enkelvoudige “naam” bevestig hierdie feit.

Ons bely nou dat ons die stempel dra van die gesag en karakter van die Vader, Seun, en Gees.
Aan Jesus is gegee alle mag in die hemel en op aarde. (**Mattheüs 28:18; Johannes 5:27; Johannes 5:43)** Hy het die mag van die Vader en die mag van die Seun (Homself). En met die regte begrip van die Heilige Gees (dat dit Sy eie gees en persoon is, Christus self en nie iemand anders nie), het Hy die gesag van die Heilige Gees. Christus besit hierdie gesag kragtens Sy verwantskap aan die Vader (Hy is Sy eniggebore Seun). Dit is Sy goddelike erfenis (**Hebreërs 1:4**).
Daarom , aangesien Jesus die gesag van die Vader (Sy Vader), die Seun (Hyself) en die Heilige Gees (Sy eie Gees) het, is die doop wat in Handelinge opgeteken is (in die naam van die Here, of volgens Sy gesag) erkenning van die gesag van die Vader, Seun, en Heilige Gees; die hoogste gesag in die hemel en op die aarde. Alleenlik deur Christus kom ons onder daardie gesag (**Johannnes 14:6**)

## 7. Beswaar 7

**Joh 1:1** “IN die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God.”
Beswaar: Hierdie teks is een van die duidelikste wat ’n Drie-eenheid staaf. Die teks sê duidelik dat Jesus, die Woord, is God Homself.
Antwoord: Hierdie teks word baie misverstaan en misbruik om ’n leerstelling aan te bied wat geheel en al teenstrydig is met wat die teks in werklikheid sê. Laat ons die teks kortliks in die oorspronklike Grieks ondersoek:

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **En 1722** | **arche 746** | **en 2258** | **ho 3588** | **logos 3056** | **kai 2532** |
| In | begin | was | die | Woord | en |
| **ho 3588** | **logos 3056** | **en 2258** | **prov 4314** | **ton 3588** | **theon 2316** |
| die | Woord | was | by | die | God |
| **kai 2532** | **theos 2316** | **en 2258** | **ho 3588** | **logos 3056** | |
| en | God | was | die | Woord | |

By nadere ondersoek van die oorspronklike teks sien ons dat die twee woorde wat as “God” vertaal word, nie identies is nie. Die eerste een is ’n naamwoord (Theon) wat na die Vader verwys, en die tweede ’n byvoeglike naamwoord wat na Jesus verwys (Theos). Die verskil tussen die twee kan gesien word deur te kyk na die laaste letter van die twee woorde. Juis om hierdie rede is daar baie vertalings wat hierdie verskil weergee. By voorbeeld:

- Die vertalings deur James Moffat, Hugh J. Schonfield en Edgar Goodspeed: (“...and the Word was divine.”)
- Today’s English Version: (“...and he was the same as God.”)
- The Revised English Bible: (“...and what God was , the Word was.”)

Soos gesien kan word, verskillende vertalings toon aan die ooreenstemming met die oorsponklike teks. Dus wat hierdie teks sê is dat die Woord, Christus, soos Sy Vader, goddelik is, met die “goddelike aard”. Dit sê nie dat Christus God die Vader, een en dieselfde person is nie. (Sien Les 5)

## 8. Beswaar 8

**Joh 14:16** “En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle ’n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid:”

Beswaar: Het Jesus nie duidelik aangedui dat die Heilige Gees ’n ander wese as Hyself was, wat Hy belowe het om na ons te stuur as “’n ander Trooster” nie?

Antwoord: Wat het Christus bedoel toe Hy gesê het “’n ander Trooster”? Het Hy gepraat van iemand anders as Hyself?

Net twee verse later verduidelik Jesus wat Hy bedoel het. Hy sê duidelik: “Ek sal julle nie as wese agterlaat nie; Ek kom weer na julle toe.”**Johannes 14:18**. Hierdie “ander Trooster”is Christus self, in ’n ander gedaante (geestelike gedaante). Hy word nie fisies gesien soos toe Hy hier op aarde was nie.

Dit is presies wat Hy gesê het. Let op: "Nog 'n klein tydjie, en die wêreld sien My nie meer nie; maar julle sien My, omdat Ek lewe en julle sal lewe." v.19. Hy is nog met ons in Gees, al kan die oog Hom nie meer sien nie. Dit is wat Hy gesê het drie verse later "Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar."v. 21.

Die Skrif bevestig hierdie gevolgtrekking (dat die Here Jesus daardie Gees is, nie iemand anders nie) wanneer dit sê "Die Here is die Gees, en waar die Gees van die Here is, daar is vryheid" **2 Kor 3:17**. Hoe het die dissipels die woorde "'n ander Trooster" verstaan? Het hulle gedink dat Jesus van iemand anders gepraat het? Laat hulle die vraag beantwoord:
**Joh 14:22** "Judas, nie die Iskáriot nie, sê vir Hom: Here, hoe is dit dat U aan ons U sal openbaar en nie aan die wêreld nie?"
Heel eenvoudig! Judas het duidelik verstaan dat dit Christus was wat na hulle toe sou kom, nie iemand anders nie. Let op sy vraag is nie "Wie?" nie, maar "Hoe?" Judas het nie gewonder oor wie na hulle toe sou kom as 'n ander Trooster nie, maar hy het gewonder hoe Christus na hulle sou terugkom. Let wel die bewoording wat Judas gebruik het: "U" en "U" betreffende Christus, nie iemand anders nie. Dit is duidelik genoeg. Vir Christus om in 'n ander gedaante te verskyn, is geensins vreemd nie. Hy het dit bewys op die pad na Emmaüs. "En hierna het Hy in 'n ander gedaante verskyn aan twee van hulle terwyl hulle loop, op pad in die veld." **Markus 16:12**. Ons sien 'n illustrasie hiervan wanneer die Hoëpriester in die Heiligdom sy kleredrag verander om na buite te gaan om die mense te onderrig. (Sien Les 8)

Toe Jesus in 'n "ander gedaante" verskyn het, was dit steeds Hy. Wanneer Jesus praat van " 'n ander Trooster" waarom sou dit vreemd wees dat dit ook Hy kon wees? "Ek sal julle nie as wese agterlaat nie; Ek kom weer na julle toe". "En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen."**Johannes 14:18, Mattheüs 28:20.**

Prys die Here! Dit is so helder en eenvoudig.  Jesus is onttrek van ons gesigsoog, maar Sy persoonlike teenwoordigheid (Sy eie Gees) is steeds met ons.
Terwyl bostaande voldoende bewys lewer , word dit verder bevestig deur dieper in die konteks in te gaan. Laat ons vergelyk wat Jesus van Homself gesê het, met wat Hy van die ander Trooster gesê het. Ons lees **Johannes 14, verse 15-21.**

| Jesus | Trooster |
| --- | --- |
| 1. “Die wêreld sien My nie meer nie” v19 | 1. Die wêreld sal “Hom nie sien nie” v17 |
| 2. “maar julle sien My” v 19 | 2. “maar julle ken Hom” v 17 |
| 3. Jesus was toe nog by hulle | 3. “Hy by julle bly” v 17 |
| 4. “Ek in julle”v 20 | 4. “In julle sal wees” v17 |
| 5. “Ek kom na julle toe” v 18 | 5. “ ’n ander Trooster gee” v16 |
| 6. “En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen” **Mattheüs 28:19** | 6. “Om by julle te bly tot in ewigheid: v16 |

Uit bostaande sien ons die ooreenstemming tussen wat die “ander Trooster”sou doen, en wat Jesus gesê het Hy, en nie iemand anders nie, sou doen.
Nogtans ondervind baie mense ’n probleem met die woorde “ ’n ander”. Hoe ons hierdie woorde verstaan, veroorsaak dat ons glo dit moet ’n ander persoon wees, iemand anders as Jesus Homself. Maar is dit waar? Is dit ’n korrekte begrip van die woord? Is dit die boodskap wat Jesus aan Sy dissipels wou oordra? Laat ons die Skrif gebruik as interpretasie. In **1 Samuel 10:6**  lees ons wat die profeet Samuel vir Saul sê:

**1 Sam 10: 6** “En die Gees van die HERE sal oor jou vaardig word, sodat jy saam met hulle sal profeteer en in ’n ander mens verander word”
Die vraag is nou, het Saul in ’n ander wese verander? Beslis nie! Die uitdrukking “ ’n ander mens” het eenvoudig beteken dat hy ’n ander sou wees in die sin van gevul met die Gees van God, maar hy is nog steeds dieselfde wese, nie iemand anders nie. Nie elke keer wat die Skrif die woorde “ ’n ander” gebruik, beteken dit dat dit ’n ander wese is nie
Met hierdie  verstandhouding, as ons teruggaan na J**ohannes 14:16** en ons pas die beginsel toe, sien ons dat Jesus van Homself in die derde persoon gepraat het. Dit was “ ’n ander Trooster” in die sin van “in ’n ander gedaante”. Jesus was by hulle in menslike vlees, liggaamlike gedaante, Hy sou weer kom in ’n ander gedaante, ’n Geestelike gedaante. (die Bybel sê dat Jesus ’n lewendmakende Gees geword het; sien **1 Korinthiërs 15:45**). Dit is waarom Hy sê omtrent die Trooster “Hy by julle bly en in julle sal wees.”
Wie het op daardie tydstip by hulle gebly? Dit was Jesus. Wie sou in hulle wees? Dit is Jesus (v20) . Dit gesê, let op die volgende uit die konteks van **Johannes 14**. As ons Jesus se woorde gehoorsaam om “Hom lief te hê, en Sy gebooie te bewaar”, sal die volgende gebeur:

1. Die Vader sal vir julle ’n ander Trooster gee (**Johannes 14:15,16**)
2. Jesus sal Homself aan ons openbaar (**Johannes 14:21**)
3. “Ons” – die Vader en die Seun – “sal na hom toe kom en by hom woning maak”(**Johannes 14:23**)

Dit kan dalk vir sommiges blyk as ons “Jesus liefhet en Sy gebooie bewaar”, drie verskillende dinge sal gebeur: of ’n  ander Trooster sal kom, of Jesus self sal kom, of die Vader en die Seun sal kom.

Maar as ons verstaan dat die Heilige Gees die Gees van Jesus Homself is, en wetende dat die Vader en die Seun dieselfde Gees/lewe deel (**Romeine 8:9**); **Johannes 5:26;** (sien ook Lesse 6 &7) en daarom "twee in individualiteit, maar nogtans een in gees, en hart en karakter" is, (YI, Desember 16, 1897 p. 5) dan kan ons die 3 verskillende opsies verstaan en harmoniseer. Die Trooster is die Gees van Jesus self, wat ook die Gees van die Vader is. Dit is waarom, wanneer die Trooster kom, die Vader en die Seun by ons sal bly. (**Johannes 14:23**)

## 9. Beswaar 9

**1 Joh 5:7** "Want daar is drie wat getuig in die hemel: die Vader, die Woord en die Heilige Gees, en hierdie drie is een"

Beswaar: Hierdie teks bewys duidelik en heel eenvoudig dat die Vader, Seun en Gees een God is. Hoe kan julle aanhou om die Drie-eenheid te verwerp in die lig van hierdie getuienis?

Antwoord: Hierdie teks lys die drie en sê hulle is een. Iemand wat glo in die Drie-eenheid, sal verstaan dat hulle een God is. Dit word gedoen deur die woord "god" na die woord "een" by te voeg. Maar dit is nie wat hier gesê word nie. Die eintlike teks verduidelik dat die "een" verwys na die getuienis wat gegee word, nie na die persone van God nie. Hulle is almal eenstemmig wat die getuienis betref, soos dit in die teks staan, "drie wat getuig". Vanuit die konteks van die hoofstuk (eintlik die hele brief) lei ons af dat Johannes nie besig is om die leerstelling oor wie God is (of hoeveel persone/wesens) uiteen te sit nie. Die onmiddelike konteks van die paragraaf bied die eenvoudige antwoord. Laat ons vers 8 lees waar nog "drie" gelys word:

"en daar is drie wat getuig op die aarde: die Gees en die water en die bloed, en die drie is eenstemmig"

Die eenheid waarvan hier gepraat word, verwys nie na die aard van die gees, water en bloed nie.

Dit is veel eerder ’n eenheid in ooreenstemming. Hulle is een daarin dat hulle almal dieselfde getuienis bevestig: “die drie is eenstemmig”. Dit is ooglopend vir elke leser. Dit is presies wat Johannes bedoel het in vers 7. Hy gebruik feitlik dieselfde woorde., maar brei meer uit oor hulle in vers 8. “Die drie”(Vader, Woord en Gees) sê hy “is een”. Nie een God nie (of Godheid soos sommiges dit noem nie) maar EEN IN GETUIENIS. Hulle is almal eenstemmig en getuig die een getuienis.

Wat is die getuienis wat Johannes se gemoed in hierdie brief gevul het?

**1 Joh 2:23** “Elkeen wat die Seun loën, het ook nie die Vader nie.”

**1 Joh 4:14** “En ons het aanskou en ons getuig dat die Vader die Seun as Verlosser van die wêreld gestuur het”

**1 Joh 4:15** “Elkeen wat bely dat Jesus die Seun van God is — God bly in hom, en hy in God.”

**1 Joh 5:5** “Wie anders is dit wat die wêreld oorwin as hy wat glo dat Jesus die Seun van God is?”

Johannes maak 18 keer melding van die Seun van God in hierdie brief. Dit is nogal opvallend dat die seunskap van Jesus sy gedagtes volgemaak het.

Johannes herhaal wat hy geskryf het in **1 Johannes 5:7,8** in die volgende twee verse:

**1 Joh 5:9** “As ons die getuienis van die mense aanneem — die getuienis van God is groter, omdat dit die getuienis is van God wat Hy aangaande sy Seun getuig het.”

Hy verwys na die getuienis wat God, die Vader, “aangaande Sy Seun getuig het”. Wat is die getuienis wat God, die Vader aangaande Sy Seun gegee het?

**Matt 3:17** “En daar kom ’n stem uit die hemele wat sê: Dit is my geliefde Seun in wie Ek ’n welbehae het.” (Sien ook **Mattheüs 17:5**)

**1 Joh 5:10** “Wie in die Seun van God glo, het die getuienis in homself. Hy wat God nie glo nie, het Hom tot leuenaar gemaak, omdat hy die getuienis nie geglo het wat God aangaande sy Seun getuig het nie.”
Johannes wys op die getuienis dat die Gees die harte van die gelowiges sal oortuig. Wat is die getuienis wat die Heilige Gees van Jesus gegee het deur die Apostels?
**Hand 8:37** “ Toe sê Filippus: As u glo met u hele hart, is dit geoorloof. En hy antwoord en sê: Ek glo dat Jesus Christus die Seun van God is.”
**Hand 9:20** “EN hy het dadelik Christus in die sinagoges verkondig, dat Hy die Seun van God is.”
En vele, vele ander soortgelyke getuienisse gespreek deur mense wat deur die Gees van God gedrywe is.
Soos u kan sien, nadat Johannes daarop gewys het dat die Vader, Seun en Heilige Gees dieselfde getuienis het, verwys hy na die getuienis van die Vader en die Heilige Gees.
Het Jesus dieselfde getuienis? Ons vind die antwoord op ons vraag in die evangelie van Johannes:
**Joh 10:36** “sê julle vir Hom wat die Vader geheilig en in die wêreld gestuur het: U spreek godslasterlik — omdat Ek gesê het: Ek is die Seun van God?”
Ons deel dus nie die woord van die waarheid reg wanneer ons probeer om **1 Johannes 5:7** te gebruik om te leer dat daar drie mede-gelyke, mede-ewige goddelike Persone of Wesens is nie.
Ons breek ook Johannes se getuienis wanneer ons ontken dat die Seun van God uit die Vader gebore was (**Johannes 3:16**) so ver terug uit die voortyd (**Miga 5:2**), uit die dae van die ewigheid, dat dit nie bereken kan word nie. (7BC 919, ST, Mei 3, 1899 par 4.) Om te leer dat daar 3 mede-gelyke, mede-ewige Wesens is, is om die Vader- Seun verwantskap te ontken.l

Dit ontken dan ook dat Jesus die Seun van die lewende God is, sodat daardie edele verwantskap verlaag word tot 'n blote metafoor en rol-spel! Diegene wat hierdie teks gebruik om 'n Drie-eenheid te leer (om die Seun van God te ontken), dien alleenlik die doel om die getuienis wat die hemel aan ons wil openbaar, te vernietig!

# NOTAS:

Wanneer ons teruggaan in die geskiedenis sover as die tweede en derde eeu, vind ons binne die Christendom 'n voortdurende strydpunt oor die "Godheid". Wat leer die Bybel ? Monoteïsme of Politeïsme? Wat sê die Bybel oor die identiteit van God? In die volgende studies sal ons die Skrif ondersoek om te sien wat sê die Bybel oor die Vader, die Seun en die Heilige Gees.

Die raad vir ons is:
**"Lê jou daarop toe om jou beproef voor God te stel as 'n werker wat hom nie hoef te skaam nie, wat die woord van die waarheid reg sny." 2 Tim 2v15**

**Dit sal ons leuse wees in hierdie studies.**



Vir meer inligting en meer studies besoek gerus:
www.pioneermissionsafrica.co.za

Kontak ons per epos by:
Info@pioneermissionsafrica.co.za

PIONEER MISSIONS AFRICA